ORTHOTOUCH

Postnet Suite 634 Privaatsak X29 Gallo Manor 2052
Tel: 011 262 3833 ~ Faks: 011 262 2656

19 Augustus 2015

PER E-POS VAN DIE ONTVANGER

Geagte Mevrou/Meneer

LIKWIDASIE EN DISTRIBUSIEREKENING (L&DR) EN ANDER KWESSIES

Verder tot my kennigewing gedateer 29 Julie 2015, addresseer ek 'n aantal kwessies wat van belang is.

1. L&DR

1.1. Die termyn vir inspeksie en indiening van besware ten opsigte van die L&DR is verby.

1.2. Alle besware ontvang word volgens hul geldigheid geadresseer en ek sal met die betrokke partye kommunikeer aangaande die uitslag van sodanige besware .

2. REGS SAKE

2.1. Twee beleggers, verteenwoordig deur 'n regsfirma Theron en Vennote ("Theron") het 'n dringende aansoek teen Orthotouch Beperk ("Orthotouch"), my en Mnr Nicholas Georgiou geloods, om die proses uiteengesit in die Reëlingskema ("die Reëling") tenopsigte van die inspeksie van die L&DR te stop, afhangende van die uitslag van 'n aansoek in die Hooggeregshof om die tydperke wat in die Reëling voorgeskryf is, te verleng ten spyte daarvan dat hulle bewus was van die inhoud van die Reëling dokumente vir sowat 10 maande. Die hof het bevind dat die aansoek "noodlottig gebrekkig" was en " ..... , in [**die Regter se** *] siening, was die aansoek eenvoudig geloods om die indruk te skep dat hierdie saak uiters dringendheid was..... " . Verder het die Regter 'n opmerking gemaak dat " .... [**die aansoekers***] traag was in die loods van hul aansoek. Die dringendheid in hierdie saak was self geskep".

(* **invoeging**).

2.2. Toevallig het 3 kliënte van dieselfde Theron 'n aansoek ingedien teen 28 partye, insluitend Orthotouch en myself, vir die tersydestelling (kansellasie) van die Reëling

waarin jy deelneem en die bestaan waarvan jou die reg gee, onder andere, om maandelikse rente betalings te ontvang ("die tersydestelling aansoek").

2.3. Die tersydestelling van die aansoek is uitgestel afhangende van die uitslag van sekere tegniese regskwessies, waarvoor die Hof moet besluit. Dit sal plaasvind in Maart 2016, en ek sal u inlig oor die uitslag. Die voortsetting proses van die tersydestelling aansoek kan eers na hierdie datum voortgaan.

2.4. Dit is belangrik om kennis te neem dat die negatiewe uitwerking van hierdie aanvalle op Orthotouch, beide sy finansiële en menslike hulpbronne dreineer. Die nodige fondse en bestuur tyd word toegewy deur Orthotouch om homself te verdedig in 'n aantal van die sake, selfs al is ek in kennis gestel dat hierdie sake ligsinnig is. Bewys hiervan is in die bevinding van die Hof in die dringende aansoek wat in 2.1 hierbo uiteengesit is.

2.5. Benemens die onnodige dreinering van Orthotouch se fondse, word bestuur se tyd gemors, wie se prioriteit dit is om die Reeling implementeer, in stede daarvan om Orthotouch te verdedig. Dit kan op die ou einde net die beleggers benadeel.

2.6. Dit is belangrik om kennis te neem dat indien Theron se kliënte suksesvol is met hul aansoek om the Reëling tersyde te stel, die beleggers **NIE** verdere maandelikse rentebetalings, en ook nie die kapitaal bedrae wat in die Reëling uiteengesit is, sal ontvang nie, en meer as waarskynlik, die rente wat ontvang was vanaf Orthotouch sedert the ontstaan van die Reëling, sal moet terug betaal.

2.7. Wat onverklaarbaar en onlogies is, is dat die kliënte van Theron wat die bogenoemde twee aansoeke geloods het, voortgaan om maandelikse rentebetalings te ontvang as 'n gevolg van die Reëling, terwyl hulle terselfdertyd hul uiterste bes doen, deur Theron, om sodanige maandelikse rente betalings te stop, deur die dringende hofaansoek soos genoem in 2.1 hierbo en die tersydestelling applikasie genoem in 2.2 hierbo.

3. TUSSENPERSONE EN MAKELAARS

3.1. Ek is in kennis gestel dat die meerderheid van die beleggers, wat bestaan uit pensioenarisse, voorgestel was aan die verskillende Highveld Sindikasieskemas deur tussenpersone en makelaars wat hierdie beleggingsprodukte aan hulle verkoop het. Baie van die beleggers gaan voort om "verteenwoordig" te word deur dieselfde tuseenpersone en makelaars wat die beleggingsprodukte onvanpas aan sodanige beleggers verkoop het. Hierdie beleggingsprodukte was verkoop voor Orthotouch betrokkenheid.

3.2. Dit is opvallend dat sommige van hierdie tussenpersone en makelaars, ten spyte daarvan dat hulle die beleggingsprodukte onvanpas verkoop het, dit op hulself geneem het om die "verteenwoordiger" te wees van sekere beleggers wat hulle beweer "haweloos" is as gevolg van die mislukking van die Highveld Sindikasieskemas.

3.3. Dit is moeilik om te verstaan dat dieselfde tussenpersone en makelaars wat aan beleggers 'n geheel onvanpaste produk verkoop het, nou aanspraak maak daarop dat hulle die beleggers, wat nou finansiël swaarkry as gevolg van die koop van díe onvanpaste produkte, "verteenwoordig". Verder kritiseer hierdie individue om elke draai die Reëling, Orthotouch, myself en ander, in die openbaar en in privaatheid, om die ontoereikendheid van hul advies, wat gelei het tot die ondergaan van die finasiele toestand van hulle beleggers, af te weer.

3.4. Dikwels vra ek myself die vraag: As hierdie tussenpersone en adviseurs werklik bekommerd was oor die lot van hul beleggers, hoekom sou hulle nie hierdie beleggers uit die uitermate hoë kommissies wat hulle verdien het uit die plasing van die pensioenarise se fondse in 'n heeltemal onvanpaste produk ten spyte van hul omstandighede, vergoed nie?

3.5. In die toekoms sal daar geen interaksie wees deur my kantoor of Orthotouch, hetsymondelings of skriftelik, met tussenpersone of makelaars nie, tensy die identifisering, volmag prosedures ens. rakende verteenwoordiging van beleggers, per my 29 Julie 2015 kennisgewing, aan voldoen word nie. Indien u enige navrae het, is u baie welkom om skriftelike met ons verder te kommunikeer by admin@orthotouch.co.za of faks u skrywe na (011) 467-0087.

Ek sal aan u terug rapporteer in die toekoms wanneer omstandighede dit vereis.

Die uwe,

D P COHEN

ONTVANGER